# Die Kaapse wynland se vele puik wynterreine bekroon

By die 13de jaarlikse Novare SA Terroir Wyntoekennings het Suid-Afrika se vele wynterreine wat top gehalte skep weer duidelik na vore getree. Wyne wat waarlik 'n grond en klimaat uitbeeld word beoordeel. Slegs wyne gesertifiseer as enkelwingerd, landgoed-geproduseer of van 'n spesifieke wynwyk of klein wyndistrik wat nie in meer as een wyk verdeel is nie kan deelneem.

Die Nasionale Wenners van die 2018 Novare SA Terroir Wyntoekennings het uit 15 verskillende wynterreine gekom en dit beklemtoon weer eens die veelsydigheid van top gehalte wat die Kaapse wynland se grond en klimaat amper regoor die Kaapse wynland oplewer.

Sekerlik dié toonbeeld van 'n wyn wat geskep is van druiwe uit 'n spesifieke terrein is 'n enkelwingerdwyn. Al die druiwe kom uit daardie een wingerd en die eindresultaat wys die gehalte van die grond en klimaat. Natuurlik moet dit deeglik benut word deur die wingerdboukundige en wynmaker om goeie resultate te lewer.

Die 2018 Novare Trofee vir Suid-Afrika se Top Enkelwingerdwyn is toegeken aan 'n Pinotage uit die Breedekloof, die Flagstone Writer's Block Pinotage 2016. Dieselfde wyn was ook die Nasionale Wenner van Pinotage by die Novare SA Terroir Wyntoekennings en is ook onlangs gekeur as een van die Top 10 wyne by die Absa Top 10 Pinotage kompetisie. Daardie Pinotage wingerdblok smelt dus baie goed saam met die grond in klimaat in die Breedekloof.

Nog 'n wyn uit Breedekloof het vanjaar sy merk gemaak. Die Slanghoek Legends Barrel Fermented Chenin Blanc 2016 is aangewys as die Nasionale Wenner van Chenin blanc by die Novare SA Terroir Wyntoekennings. Na twee jaar in die bottel het hierdie Chenin blanc se geure mooi na vore getree.

By verlede jaar se SA Terroir Wyntoekennings het nie een wynterrein uitgestaan as die algehele wenner van die top area nie en vanjaar het dit wel gebeur. Die Simonsberg-Paarl wyk geleë tussen Paarl, Franschhoek en Stellenbosch het gesorg vir vier Nasionale Wenners vanaf vier verskillende nabygeleë wynkelders: die Glen Carlou Chardonnay 2017, Anura Malbec 2016, Babylonstoren Viognier 2017 en Mitre's Edge Petit Verdot 2015. Hierdie prestasies het aan die Simonsberg-Paarl wyk die Novare Trofee vir SA Terroir Top Area besorg.

Wat vanjaar veral verblydend was met die resultate is dat die landgoed in Suid-Afrika wat deel vorm van ons wyngeskiedenis uitgestaan het met twee Nasionale Wenners en twee van die trofeë is aan hulle toegeken. Groot Constantia Landgoed in die Constantia-wyk van Kaapstad het vanjaar gesorg vir die Nasionale Wenners vir die Port-styl en Natuurlike Soetwyn, onderskeidelik die Groot Constantia Cape Ruby 2016 en Groot Constantia Grand Constance 2015. Dié landgoed in die Constantia-wyk het ook ses ander wyne opgelewer wat hoë punte behaal het. Groot Constantia is bekroon met die Novare Trofee vir Suid-Afrika se Top Wynlandgoed en Top Terroir-produsent.

By die jaarlikse Novare SA Terroir Wyntoekennings word Suid-Afrika se Top 5 Landgoedwyne ook aangekondig en Jordan Landgoed in Stellenbosch was in die geval die top presteerder met twee van die Top 5 landgoedwyne. Boonop het Jordan Landgoed ook gesorg vir die Nasionale Wenner van Merlot, die Jordan Black Magic Merlot 2015.



**Die Novare Trofee vir Top Enkelwingerdwyn, Top Wynlandgoed, Top Terroir Produsent en Top Wyn Area.** Voor van links is Willene Bester (Flagship), Phillip Theron (Glen Carlou) en Lola Nicholls (Mitre's Edge). Agter van links is Boela Gerber en Jean Naudé van Groot Constantia.
***Fotograaf: Julian Kruger***

## 2018 Novare SA Terroir Wyntoekennings

### Die 2018 Novare SA Terroir Top 5 Landgoedwyne

Alto Cabernet Sauvignon 2014
Bon Courage Noble Late Harvest 2016
Jordan Inspector Péringuey Chenin Blanc 2016
Jordan Nine Yards Chardonnay 2016
Springfontein Limestone Rocks Gadda da Vida 2014.

### 2018 Novare SA Terroir Wyntoekennings Nasionale Wenners

| | |
|---|---|
| Top Cabernet Sauvignon: | Alto Cabernet Sauvignon 2014 |
| Top Malbec: | Anura Reserve Malbec 2016 |
| Top Viognier: | Babylonstoren Viognier 2017 |
| Top Edel Laatoes: | Bon Courage Noble Late Harvest 2016 |
| Top Sauvignon Blanc: | D'Aria The Following Sauvignon Blanc 2016 |
| Top Touriga National: | De Krans Touriga Nacional 2016 |
| Top Pinot Noir: | De Wetshof Nature in Concert Pinot Noir 2017 |
| Top Pinotage: | Flagstone Writer's Block Pinotage 2016 |
| Top Wit Versnit: | Ghost Corner Bowline 2016 |
| Top Chardonnay: | Glen Carlou Chardonnay 2017 |
| Top Port-styl: | Groot Constantia Cape Ruby 2016 |
| Top Natuurlike Soet: | Groot Constantia Grand Constance 2015 |
| Top Merlot: | Jordan Black Magic Merlot 2015 |
| Top Vonkelwyn: | Linton Park MCC Brut |
| Top Grenache: | Lynx Grenache 2017 |
| Top Petit Verdot: | Mitre's Edge Petit Verdot 2015 |
| Top Gewurztraminer: | Neethlingshof Gewurztraminer 2018 |
| Top Muskadel: | Nuy Red Muscadel 2010 |
| Top Cabernet Franc: | Rietvallei JMB Cabernet Franc 2015 |
| Top Chenin Blanc: | Slanghoek Legends Barrel Fermented Chenin Blanc 2016 |
| Top Rooi Versnit: | Springfontein Lime Stone Rocks Gadda da Vida 2014 |
| Top Riesling: | Vrede en Lust Early Mist Riesling 2017 |
| Top Shiraz: | Wildekrans Shiraz Barrel Select Reserve 2014 |

Die Novare groep is die enigste borg van die gesiene Novare SA Terroir Wyntoekennings sedert die stigting daarvan 13 jaar terug. Volgens Lucy Richardson, hoof van bemarking van Novare Equity Partners, is die fondsbestuur-maatskappy se jarelange verbintenis met die toekennings 'n weerkaatsing van hul toewyding om deel te wees van Suid-Afrika se internasionaal erkende wynbedryf se florerende voortbestaan. "Die sleutelfaktore in terroir is die topografie, klimaat, geologie en grond. Ons sê welgedaan aan vanjaar se wenners wat hierdie komponente met geduld, vaardigheid en intuisie aangepak het om bekroonde wyne te produseer."

Novare Equity Partners (www.novareequitypartners.com) is 'n privaat aandele fonds-adviseur met 'n spesifieke mandaat om in kleinhandel en kommersiële vaste eiendom in sub-Sahara Afrika buite Suid-Afrika te belê.

Benewens die Nasionale Wenners, Top 5 Landgoedwyne en die Novare Trofeë, word die beste wyne in die verskillende areas ook aangewys. Die volledige uitslae is beskikbaar op die webwerf www.terroirwineawards.co.za.

Geborg deur: NOVARE® equity partners & NOVARE SA TERROIR WINE Awards

000000-DB250818